# MEDIA VERKLARING

VRYGESTEL OP 26 November 2025

EMBARGO: GEEN

## 16 DAE VAN AKTIVISME: DIE ROL VAN FINANSIËLE MISBRUIK

Die SAOU het op 25 November 2025 begin met deelname aan die 16 Dae van Aktivisme van Geweld teen vroue en kinders met 'n Dag van Geen Geweld teen Vroue.

Hierdie inisiatief word deur die SAOU ondersteun met deelname aan die nasionale tema: Letsema: Mans, Vroue, Seuns en Dogters wat saamwerk om 'n einde aan Geslagsgebaseerde Geweld (GBV) mee te bring. Letsema, is 'n Sesotho woord, wat beteken mense wat saamkom om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.

Die SAOU het oor die afgelope aantal jaar aktief deelgeneem aan prosesse om te verseker dat mans en vroue in die onderwyssektor gelyke besoldiging vir gelyke diens verdien. Die SAOU is steeds aktief aan die werk om te verseker dat daar nie diskriminasie op die gebied van die vergoeding binne die Staatsdiens plaasvind nie.

Geslagsgebaseerde geweld bly 'n steeds, 'n plaag in ons huise en gemeenskappe, selfs na jarelange aksies soos die 16 Dae van Aktivisme. In baie gevalle bly slagoffers in gewelddadige en toksiese verhoudings, omdat hulle nie genoegsame finansiële middele het om uit die verhouding te ontsnap nie.

Stats SA (2022) dui aan dat 21% van Suid-Afrikaanse vroue fisiese of seksuele geweld in verhoudings ervaar en dat 50% van vroue in gewelddadige verhoudings berig dat hulle een of ander vorm van finansiële misbruik ervaar.

Hierdie finansiële of ekonomiese misbruik varieer in situasies waar die lewensmaat oormatige finansiële beheer uitoefen. Dit kan spruit van aksies waar vroue verhinder word om hulle werksposisie te verbeter tot waar ekonomiese aktiwiteite ingeperk word (veral gevalle waar die lewensmaat totale beheer oor die finansies uitoefen). Dit kan fokus op mikrobestuur van uitgawes (onder andere waar uitgawes op kredietkaarte gemonitor word) of die opsetlike beskadiging van vroue se krediet status (deur gesamentlike uitgawes wat nie betaal word nie of laat betaal word) en laastens die wegsteek van bates. Een van die vorme van finansiële misbruik wat die meeste aangemeld word, is veral waar die maandelikse onderhoud van kinders nie oorbetaal word nie.

Die SAOU doen daarom 'n ernstige beroep op alle vroue en dogters om te verseker dat hulle

finansieel geletterd is, en weet waaroor die basiese bestuur van finansies handel. Dat vroue weet wat dat hulle, hulle regte rondom finansies verstaan en dit uit oefen. Dit is deurslaggewend dat daar ‘n mate van finansiële onafhanklikheid bestaan en dat daar stappe geneem moet word om jouself genoegsaam te kan beskerm.

Die SAOU ondersteun 16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en kinders binne die tema van LETSEMA – want slegs deur as gemeenskap saam te werk en saam te staan kan hierdie herhalende siklus van misbruik en geweld gebreek word.